SA MEDIA
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 1 0 1 4 | 0 0 0 3 2 8 0 8 8 | 8 1 | 3 1 2 1 |

DIE BURGER Jr.......... Nr.......... P. 1 Dat. 28 MAR 2000

TREFWOORDE

1 Sake Burger
2 Regering
3 aansoeke
4 tenders
5 adviseurs
6 verkope
7 Sasria
8
9
10

# Regering vra tenders vir verkoop van Sasria

KAAPSTAD. – Die proses om Sasria te privatiseer het amptelik begin. Die Regering, wat die volle belang in dié korttermynversekeraar besit, vra nou tenders van finansiële groepe om as transaksieraadgewer vir die verkoop van Sasria aan die private sektor op te tree.

Sasria is 'n versekeraar van spesiale risiko's vir onluste en politieke geweld. Hy het reserwes van sowat R4 miljard nadat hy pas 'n sogenaamde herstruktureringsdividend van R6,2 miljard aan die staat moes betaal. Laasgenoemde is vir die aflossing van staatskuld aangewend nadat die Regering aangevoer het dat Sasria se reserwes van meer as R10 miljard te hoog was.

Dié versekeraar is verlede jaar te midde van groot omstredenheid omgeskep van 'n maatskappy sonder winsoogmerk na 'n gewone maatskappy met 'n aandelekapitaal, wat ten volle aan die staat behoort. Die plan was van die staanspoor om Sasria mettertyd te privatiseer. Die destydse bestuur en direksie van Sasria was aanvanklik skerp teen die Regering se strooptog op sy reserwes gekant, maar moes later weens druk van die Regering hul knie buig.

Volgens mnr. Trevor Manuel, Minister van Finansies, meen die Regering dat Sasria selfs ná privatisering nie as onderskrywer van spesiale risiko's verlore moet gaan nie. Hy is die enigste in die land wat dié soort sake doen. 'n Moontlikheid is dat hy voortbestaan as 'n herversekeraar van korttermyn-risiko's. Samesprekings hieroor word met die versekeringsbedryf, wat Sasria destyds in oorleg met die vorige regering gestig het, gevoer. Wat die tender vir 'n transaksieraadgewer betref, word aansoeke nog tot 2 Mei deur die Regering ingewag. – (Hein Swart)